

Waar die Stroom van die Gees Lewe bring! | 25 September 2022 |

Ds. Teodor van der Spuy

tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Wat is die verskil tussen om te sien en te kyk? So interessant soos die gesprek mag wees behoort ons as volgelinge van Jesus eerder te probeer verstaan hoe Jesus na mense gekyk het. Mense het behoefte om raakgesien te word. Hoeveel te meer in 'n groot kerk? Dit is presies wat Jesus sou doen. Sy raaksien van mense het hom diep emosioneel aangeraak tot so mate dat sy ingewande gedraai het van deernis, vertel die Grieks ons. Ons glo dat mense lewend word as ons vir hulle kyk met die oë van Jesus. Mag hierdie 'n diepkyk-sessie wees!

Wenke vir leier

- Hierdie teks verbind die Chrsitelike geloof tot 'n emosionele geloof.
- Jou kring bestaan heel moontlik meestal uit Afrikaners. Mense wat nie sommer emosies wys nie. Dit is 'n geweldige uitdaging omdat jou kringlede dalk sukkel om met sekere goed in hulle lewens te deel.
- Kyk jou kring die week diep in die oë. Bid vooraf dat die Here hulle harte sal sag maak vir wat Hy wil kom doen.

Lees saam **Matteus 9:36**

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitlik as moontlik.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte vir 'n tweede keer.

Let op: Toe Jesus na die baie mense KYK, het Hy ontroerd geraak oor hulle seerkry en weerloosheid. Hulle was soos skape sonder 'n wagter.

Gesels saam

- Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit Gal. 5:16-18 en v22-26
- Wat leer ons oor onself of ander mense in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer



Kliek hier vir verdere studie materiaal (video) van Rightnow media





Kliek hier om weer te kyk.


Doen saam

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties moet aandag gee? (Wees so spesifiek as moontlik.)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (Dit kan ook wees dat daar nie 'n spesifieke ding uit die Skrifgedeelte self is nie, maar dat die Here vir jou iets anders sal wys wat jy moet gaan doen.)


Navrae

-  kringe@moreleta.co.za
012 997 8100
-  Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

-  Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

-  **Berading** - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035